# GESKIEDENIS EN RELEVANSIE *

**F.A. van Jaarsveld**
*Universiteit van Pretoria*

## Inleiding: Wat is relevansie?

Die woordeboek verklaar die betekenis van die woord as "toepaslikheid", "verband", en "betrekking". Binne die wetenskap van die geskiedenis word die begrip vanselfsprekend toegepas soos blyk uit die bekende Britse historikus, M.M. Postan, se boek oor *Fact and Relevance* [1]. Sonder "verband" of "betrekking" op 'n geheel of 'n gebeurtenis kan die geïsoleerde feite nie sin of betekenis hê nie, aangesien hulle in hul geïsoleerde posisie ook "irrelevant" kan wees. 'n Mens stel nie belang in irrelevante dinge nie. Die menslike gees neig om dinge in "verband" as betekenisvolle gehele te sien.

As 'n mens in 'n plattelandse kerkhof loop, en jy sien die name van vier kinders wat kort namekaar gesterf het, kan dit vir jou "irrelevant" wees. Maar as jy weet dat al vier kort namekaar in die vorige eeu aan witseerkeel oorlede is, word dit "relevant" vir die mediese geskiedenis, of wanneer dit in 'n konsentrasiekampkerkhof soos dié van Mafeking opgemerk word, word die dood "relevant" vir die toestand wat in die kamp geheers het, en roep dit 'n wêreld van vergange ervaring in die volksgeskiedenis op. Dan kry dit in grotere verband sin en betekenis. Die woorde "sin" en "betekenis" wat op "waarde" betrekking het, bevat die kern van die begrip "relevansie". Dit gaan om die probleem van die "toepassing" van die kennis van die verlede in die hede, die "bruikbaarheid" daarvan, die "verband" of "betrekking" wat dit met die hede of ons eie tyd met sy probleme en selfs die toekoms het.

## "Relevansie" vandag 'n omstrede begrip

As gevolg van ons isolasie van die Westerse denkwêreld is dit hier minder bekend dat daar op die oomblik 'n stryd in veral Europa heers oor die "relevansie" van geskiedenis as wetenskaps- en as onderrigvak. In Brittanje het Gordon Connell-Smith en Howell A. Lloyd hulle sterk uitgespreek ten gunste van die "relevansie" van geskiedenis vir ons eie tyd in hul boek *The Relevance of History* [2], maar in Duitsland is diégene wat 'n sekere tipe "relevansie" in die geskiedenis bepleit streng tereggewys o.a. deur Thomas Nipperdey in sy *Gesellschaft, Kultur, Theorie,* as sou hulle geskiedenis wil misbruik in die belang van die hede en die toekoms, ter oplossing van die probleme wat vandag in die samelewing voorkom [3]. Peter Borowsky, Barbara Vogel en Heide Wunder verdedig relevansie as hede-betrokkenheid in hul *Einführung in die Geschichtswissenschaft,* band I.[4] Sowel Borowsky as Nipperdey noem die relevansiebegrip 'n "modewoord" wat 'n polemiese ondertoon bevat en emosioneel gelaai is. Dit

* **Referaat gelewer voor 'n Geskiedeniskonferensie gehou deur die ASB aan die Onderwyskollege, Pretoria, op 12 Augustus 1978.**

1. Cambridge University Press, 1971, pp. 48–64.
2. Heinemann Educational Books, London, 1972.
3. Van den Hoeck und Ruprecht *(Kritische Studien zur Geschichtswissenschaft,* Band 18), Göttingen 1967, pp. 12–32: Über Relevanz.
4. Westdeutscher Verlag: *Studienbücher Moderne Geschichte* Band I, 1976, Opladen C. Bertelsmann, pp. 13–17: Das Relevanzproblem.

handel om die probleem van sin en doel, of die betekenis en waarde van die geskiedenis vir die hede. Voordat daarop ingegaan word, moet aangetoon word hoe daar onder die historici nog altyd 'n *communis opinio* oor die relevansie van die geskiedenis in klassieke sin bestaan het en nog steeds bestaan.

**Die relevansie van die geskiedenis in klassieke sin**

Sedert die dae van Herodotus, die vader van die geskiedskrywing, tot in die 19e eeu, was die geskiedenis "relevant" as middel om die mens op te voed om sy eietydse probleme te verstaan, d.w.s. tussen verlede en hede was daar die nouste verband. Eers die "wetenskaplike" geskiedskrywing soos deur Leopold von Ranke aan die begin van die 19e eeu gegrondves, het skeiding tussen verlede en hede gebring in dié sin dat hy slegs belang gestel het in "wie es eigentlich gewesen" was, d.i. 'n studie van die verlede ter wille van homself en nie om politieke lering en wegwysing vir die hede of toekoms daaruit te put nie, soos vereis deur o.a. die 18e eeuse rasionalistiese geskiedskrywers Voltaire en Condorcet. Dit was 'n reaksie van die Historisme met sy indiwidualiteitsbeginsel teen die veralgemenende abstrak-analitiese werkwyse van die pragmatiste in die geskiedskrywing wat na "nut", "gebruik" of lering gesoek het. Hulle doel was om "voorbeelde" uit die verlede vir die hede voor te hou met die doel óf om foute te vermy óf om 'n beter toekoms te skep.

Die "wetenskaplike" benadering van die verlede het tot in ons tyd voortgeduur. Hiervolgens is die feite van die verlede doel op sigself: die waarheid word nagestreef op grond van die kritiese ontleding van bronne en die vasstelling van feite. Die objek van navorsing, en nie die subjek nie, is beklemtoon en derhalwe was en is "objektiwiteit" die hoogste doel. Die wetenskaplike historici het vrede daarmee gehad wat die publiek of opvoedkundiges doen met die "vasgestelde feite" wat steeds as "inligting" opgehoop het.

Hierteen het daar in die 19e en 20e eeu reaksie gekom. In 1874 het Friedrich Nietzsche in sy *Vom Nutzen und Nachteil der Historie für das Leben*[5] na aanleiding van die dorre opeenhoping van vasgestelde feite geskryf: "Die geskiedenis is daar ter wille van die lewe, en hedebetrokkenheid is derhalwe sy eerste en vernaamste eis ... Slegs uit die hoogste krag van die hede moet die verlede uitgelê word." Dié woorde het haas onopgemerk gebly totdat die Italiaanse filosoof en historikus, Benedetto Croce, aan die begin van die 20e eeu in sy *Zur Theorie und Geschichte der Historiographie*[6] en in sy opvolgwerk, *Die Geschichte als Gedanke und als Tat*[7], die geskiedskrywing van Ranke en die wetenskaplike skool as "kronieke" veroordeel, en die klem van die objek van navorsing na die subjek verskuif het, waarin hy deur die Engelse historikus R.G. Collingwood in sy *The Idea of History*[8] nagevolg is.

Beide het weerklank in die VSA gevind, veral Croce. In 1912 het J.H. Robinson sy boek *The New History* uitgebring, waarin die "wetenskaplike" skool van historici in die Weste veroordeel, en die eis van "presentisme" gestel is, d.i., in navolging van Croce, dat "elke ware geskiedenis 'n geskiedenis van die hede" is. Daarmee is die hekke vir subjektiwiteit oopgestel, in die woorde van die Amerikaanse historikus, Carl Becker — "every man his own historian" wat von Ranke se objektiwiteitsideaal 'n bespotting

---

5. Verlag von Belhagen & Klassing, Bielefeld und Leipzig 1939, pp. VII en 49.
6. Verlag J.C.B. Mohr, Tübingen, 1915.
7. Verlag A. Francke, Bern, 1944.
8. Oxford at the Clarendon Press, 1946.

gemaak het. Dit was 'n terugkeer tot die 18e eeuse pragmatisme of nut-aanwending van die geskiedenis wat moes help met die oplossing van eietydse probleme en maatskaplike vraagstukke, 'n rigting wat homself in die dertiger jare as relativisme in die geskiedenis vasgeloop het.

Verset teen die Rankeaanse begrip van "wetenskaplike" geskiedenis het ook gekom van die kant van die Franse Annaleskool wat in 1929 gegrondves is. Onder leiding van Lucien Febvre en Fernand Braudel het dit 'n "totale" geskiedenis voortgestaan met behulp van 'n interdissiplinêre benadering, wat op "mentaliteite" en "strukture" in die geskiedenis afgestem is, en wat vandag tot die oorheersende rigting in die Westerse geskiedskrywing geword het. Dit is gerig teen die politieke of evenementiële geskiedskrywing wat tot oppervlakte-geskiedenis gedegradeer is en vervang deur diepte-geskiedenis wat langtermynse "konjunkture" en "strukture" in die geskiedenis moet blootlê. Die indiwidu of "groot man" in die geskiedenis is vervang deur anonieme kollektiewe kragte, en die politieke geskiedenis deur die "sosiale" of samelewingsgeskiedenis wat die eietyd moet verhelder.

Hoe die historici en opvoedkuniges ookal oor die sin en betekenis van die geskiedenis vir die lewe verskil het, het een punt vasgestaan, nl. dat geskiedenis wel 'n nut het vir die samelewing waarin dit beoefen word, nl. dat dit sin en betekenis, dit is doel en waarde, vir die hede bevat. Die vraagstelling aan die verlede het dikwels uit die hede gekom, omdat dié die gevolg van die verlede is en dié daarin 'n nawerking het en teenwoordig is. Navorsing het die eietyd "belig", en gehelp met die "oriëntering" van die mens-in-sy-toestand. Martin Heidegger het selfs so ver gegaan as om in sy *Sein und Zeit* te beweer dat die verlede hom vanuit die toekoms konstitueer [9]. Oor relevansie of sin en betekenis van die verlede vir die hede het algemene konsensus onder die historici geheers.

**Die eis om relevansie deur die Marxisme, die Neo-Marxisme en die New Left ná die Tweede Wêreldoorlog.**

Die Marxistiese geskiedbeskouing is nie nuut nie. Reeds in die 19e eeu het Karl Marx sy "wetenskaplike" sosialisme en materialistiese opvatting van die geskiedenis verkondig waarvolgens dit "wetmatig" verloop. Dit het vyf fases deurgemaak nl. die primitiewe kommunisme waarvan die Bybel in Handelinge melding maak, die tydperk van slawehouers, die feodale tydperk, die kapitalistiese tydperk en die sosialistiese tydperk wat as ideaal vir die mensheid voorgehou word, waartoe die Weste en ander lande nog moet toetree [10]. Die Marxistiese geskiedbeskouing berus op die beginsel van tese-antitese-sintese, nl. kapitalisme-sosialisme-kommunisme.

Naas die klassieke Marxistiese geskiedenisbeoefening wat veral na die Tweede Wêreldoorlog in die Sosialistiese Wêreld institusionele inslag gevind het, het, teen die sestiger jare - in sommige lande reeds vroeër — die Neo-Marxisme en *New Left* in die Weste inslag gevind, wat vandag 'n sterk linkse stroming in die geskiedskrywing verteenwoordig. Dit is vanuit hulle geledere dat die vraag na die "relevansie" van die geskiedenis op die voorgrond gedring is.

Hierdie eis om "relevansie" verskil van dié van die klassieke geskiedskrywing, selfs dié van die *New History* en *Annaleskool,* in dié sin dat 'n "kritiese" geskiedskrywing geëis word, nie krities in die sin van tekskritiek met die oog op die vasstelling van die waarheid of feite nie, maar in die sin van kritiek op die hede en kritiek op die verlede

9. Neomarius Verlag, Tübingen, 1949.
10. Walter Theimer, *Der Marxismus,* UTB, Francke, München, 1973.

met die oog daarop om die hede te "verander" en daardeur "beter toekoms" te skep — natuurlik in sosialistiese of kommunistiese opsig. Dit vind aansluiting by wat Marx in 1845 geponeer het, nl. dat die filosowe die wêreld op verskillende wyse geïnterpreteer het, maar dat dit daarop aankom om hom te *verander.* Dit impliseer 'n krities-maatskaplike filosofie, wat die samelewing tot objek van kritiek maak en daarmee ook sy geskiedenis.

In Duitsland bestaan 'n sterk linkse stroming o.l.v. Hans-Ulrich Wehler wat die verlede volgens die Marxistiese teorie soos uitgewerk deur Theodor Adorno en Max Horkheimer van die Frankfurter Schule "krities" ondersoek en veroordeel en daarin vind wat vir die huidige samelewing "relevant" is[11]. Dit is deur Thomas Nipperdey bevraagteken en afgewys want volgens dié geskiedbeskouing is "relevant" dít wat rewolusie kan bevorder. Tipies van dié rigting is *Ansichten einer künftigen Geschichtswissenschaft* van die Carl Hanser Verlag[12] waarin "rewolusie" tot tema geneem word. Dit eindig met 'n hoofstuk van H.D. Lasz: "Nasionale Bevryding en sosiale Verandering — Dekolonisasie en Rewolusie in Afrika", wat afgesluit word met die vraag, "Beëindiging van die Afrikarewolusie in Suid-Afrika?". Dit word op grond van die rewolusionêre teorie bevestigend beantwoord.

"Relevant" is volgens dié beskouing dié gebeurtenisse in die verlede wat te doen het met klassestryd, 'n stryd om gelykberegtiging soos by die VSA se Negers of die Suid-Afrikaanse Swartmense; verder ook dekolonisasie in die stryd van die Derde Wêreld teen "imperialistiese onderdrukking". In die verlede word na voorbeelde gesoek van "sosiale ongeregtigheid", opstand van een onderdrukte groep teen 'n ander en daarmee geïdentifiseer. Die res van die geskiedenis word buite beskouing gelaat, 'n eensydige en bewuste partydige benadering.

Die geskiedenis word misbruik om politieke oogmerke in die hede te bereik en die "relevansie" kom neer op politiek-pedagogiese beginsels. Hier word die klassieke opvatting van die sin en betekenis van die geskiedenis verkrag met die oog op diensbaarheid. Dit kom neer op verslawing van die verlede. Ongelukkig het ons vandag met 'n soortgelyke tendensie in Suid-Afrika te doen, waaroor later.

**Sin en betekenis van die geskiedenis vir die hede**

In teëstelling tot die eis om "relevansie" deur die *New Left,* die Neo-Marxisme of die Duitse "Kritische Theorie" van vandag, staan dit vas dat geskiedenis wel "relevansie" vir die lewe of hede het. 'n Mens hoef maar na die Westerse klassieke geskiedskrywing tot ongeveer 1965 te kyk. In sy *Vom geschichtlichen Sinn und vom Sinn der Geschichte*[13] het die groot Duitse historikus, Friedrich Meinecke, oor "Geskiedenis en Hede" geskryf waarin hy aangetoon het dat geskiedenis en hede 'n eenheid vorm, wat deur die historikus dubbelpolig opgevat word, nl. aan die een kant die streng asketiese konsentrasie op die kennis van die mens se verlede met alle middele van die historiese verstaan en kritiese navorsing, en aan die ander kant die sfeer waarin die historikus leef en waaruit sy vrae tevoorskyn kom. Dit maak van die geskiedenis 'n wetenskap, maar tegelyk ook méér as 'n wetenskap, want die hede kan nie volkome uitgeskakel word by die beeld wat hy van die verlede vorm nie. Dis bepaal deur die dinamiese inwerking van die historiese in die huidige lewe en *vice versa.* Hy

11. *Geschichte als Historische Sozialwissenschaft,* Suhrkamp, Frankfurt am Main, 1973.
12. München, 1974, 2 bande.
13. K.F. Kochler Verlag, Stuttgart, 1951.

waarsku egter dat die verlede sover moontlik onbevange benader moet word: peïteitloosheid teen die eie verlede is onnatuurlik en skadelik; peïteit sonder kritiek is ewe skadelik as kritiek sonder peïteit. En Thomas Nipperdey voeg by dat die objektiwiteit van die kennis van die verlede die regulatiewe, aktiwiteitleidende beginsel vir die historikus moet bly, dit is intersubjektieflike toetsbaarheid aan die bronne en nie die dwang van 'n buite-wetenskaplike belang nie. Dit is 'n fout om die behoeftes van die hede te verabsoluteer soos die Neo-Marxiste of die *New Left*, o.a. J. Habermas met sy begrip van 'n "kennisleidende belang". Aan die "belang" moet grense gestel word.

Ook het die beroemde Nederlandse historikus, Johan Huizinga, aangetoon dat die geskiedenis van alle wetenskappe die naaste aan die lewe staan: die groot lewenswaarde ontleen die geskiedenis aan sy onverbreekbare verband met die lewe. 'n Geskiedenis wat die lewende kontak met die nasionale en internasionale kultuur verloor het, wat nie meer die lewendige belangstelling van 'n ontwikkelde publiek het nie, kan volgens hom nie gesond wees nie. Historiese kennis bly altyd opgesluit binne menslike oordeel en wêreldbeskouing, afhanklik van die geestesinhoud van elke indiwiduele beskouer. Die vrae wat die geskiedenis stel, is afhanklik van die geestelike okkupasie en van die kultuurhouding waarmee 'n tyd of volk die verlede tegemoet tree, en kom dus uit die hede. Daarom ook dat elke tyd sy eie vrae aan die geskiedenis stel. Daarom word die geskiedenis steeds hersien en herskrywe. Dit is die kultuurgemeenskap self wat die historikus om kennis vra. Maar dit gaan nie om kennis van die verlede uitsluitend vir die hede te verwerf nie; die ware geskiedenis soek ook die verlede om sy eie onthalwe. Ons wend ons tot die geskiedenis wat 'n vorm van waarheid aangaande die wêreld is en 'n wyse van soek na die sin van ons bestaan, en dit geskied uit 'n waarheidsaspirasie en uit 'n lewensbehoefte [14]. Volgens Karl Bosl wortel elke egte geskiedenisopvatting in die geestesstruktuur van die hede.

Hierby sluit aan die bevinding van Pieter Geyl dat daar deur die eeue altyd 'n stryd was tussen gebruik en misbruik van die geskiedenis. Hy veroordeel veral die Marxiste wat geskiedenis misbruik om hulle eie doelstellinge te verwerklik, sterker nog, hy spreek hom uit teen die "diensbaarheid" waartoe dit deur die Marxiste met eensydige en verwronge interpretasies gedwing word. Die sin en betekenis van die geskiedenis vir die hede sien hy in die verryking van ons kultuur deur die weeropwekking van die ou wyse van bestaan en denke, die aankweek van 'n historiese geesteshouding en die verheldering van die hede en sy probleme deur hulle plasing in perspektief. Die geskiedenis in sy geheel help ons om die wêreld waarin ons lewe, te begryp. Ons moet egter die regmatige gebruik van die geskiedenis bevorder en die misbruik daarvan teëgaan [15].

Hier kan ook verwys word na die moderne Franse beskouing van Henri-Iréné Marrou met sy boek *De la connaissance historique* [16] waarin hy verklaar dat geskiedenis altyd 'n subjektiewe karakter sal dra, want die geskiedenis is nie te skei van die historikus nie. Volgens hom is geskiedenis kennis van die mens se verlede volgens 'n formule: Geskiedenis = Verlede ÷ Hede of $G = \frac{V}{H}$. Die nut of gebruik van die geskiedenis lê in die "omweg" wat dit met ons bestaan verbind; dit is 'n dialektiek van die "self" en die "ander". Dit verruim ons kennis van die mens, sy veelvoudige werklikhede en sy onbegrensde moontlikhede. Dit verryk ons innerlike universum en ver-

14. *De Wetenschap der Geschiedenis*, Haarlem 1937, pp. 11, 16, 34, 46, 106 en 108.
15. *Gebruik en Misbruik der Geschiedenis*, J.B. Wolters, Groningen, 1956, pp. 71 en 71.
16. Parys, 1954.

breed ons kulturele horison. Dit is nie net 'n instrument tot die waarheid nie, maar ook 'n opvoedkundige faktor. Dit vorm ons oordeel en mensekennis, is vrugbaar vir ons skeppende verbeelding, open nuwe weë vir ons denke en handeling en maak ons bewus van ons erfenis. Dit openbaar aan ons wát tot ons kulturele, ekonomiese, sosiale en politieke toestand gelei het waarmee ons bestaan verweef is.

Vir Marrou verskyn geskiedenis as pedagogiek en opvoedingsmiddel, as instrument van ons vryheid. Ons weet dat ons nooit alles kan weet nie, want in ons klein spieëltjie ken ons slegs ten dele. Ons verwerf 'n skerpere sin van ons verantwoording en verantwoordelikheid, van die betekenis van ons verpligting en die moontlikhede van keuses. Die histories-verligte mens kan sonder vrees voortgaan, want hy weet dat daar baie moontlikhede wag wat verwerklik kan word. Hy word nie deur die nederlaag teneergeslaan nie, en as by gebrek aan mag, hom niks meer te doen staan nie, kan hy nog sê dat hy nie sal toegee nie en met trots sal ly en die hoop nie opgee nie.

**Relevansie in die Europese geskiedskrywing en geskiedenisonderrig.**

Die geskiedeniswetenskap en -onderrig in Europa, veral in Duitsland wat die Tweede Wêreldoorlog katastrofaal ondervind het, het heelwat krisisse sedert 1945 meegemaak. Die ou fondamente van die "wetenskaplike" geskiedskrywing soos deur Ranke in die 19e eeu gelê, is betwyfel. Die metode van die "verstaan" van die geskiedenis wat op historiese indiwidualiteite, die staat, die politiek, buitelandse betrekkinge en die historiese persoonlikheid gerig was en volgens die Historisme op waardeoordele van binne-uit berus het, is betwyfel. Sy tematiek en metode is as konvensioneel en verouderd beoordeel omdat dit die nuwe situasie, soos teweeg gebring deur die industriële rewolusie, nie meer sou pas nie. Daar het 'n wending ingetree na die sosiale en ekonomiese geskiedenis wat nie soseer meer "verstaan" nie, maar wat na "strukture" soek volgens die abstrakte analitiese metode. Ook is aansluiting gesoek by die sosiale wetenskappe met sy generaliserende metode. Die gevolg was 'n wegbeweeg van die verhalende geskiedenis en 'n beklemtoning van anonieme kollektiewe sosiale kragte.

Wat die onderrig van geskiedenis betref, was daar na 1945 'n wegbeweeg van dié vak na sosiologie wat as meer "relevant" vir die hede met sy sosiale vraagstukke beskou is, en na die politieke wetenskap of staatsleer. Die verwagting was dat hulle meer "prakties" is as geskiedenis wat as dor en sonder betekenis vir die lewe skyn te wees. Tog het daar teen 1974 ontgogeling gekom met dié twee vakke en was daar 'n terugvloeiing na die geskiedenis.

Met geskiedenis as vak van onderrig het dit nie besonder gunstig gegaan nie. Daar is beweer dat dit nie "relevant" is nie omdat dit slegs ter wille van homself bestudeer word. Dit het nie lewenswaarde nie omdat dit nie hedebetrokke is nie. Na die oorlog is daar van 'n "verlies" van geskiedenis gepraat en van "moegheid" daarvoor. 'n Resente boek dra die titel *Geschichtsunterricht ohne Zukunft?* (Geskiedenisonderrig sonder Toekoms?) [17] en 'n voorlesing *Wozu noch Geschichte?* [18], let wel nie "waartoe geskiedenis?" nie, maar "waartoe nog geskiedenis?". Dit toon die skeptisisme waarmee geskiedenis op skool en aan die universiteit bejeën is. Die getal studente en

17. Ernst Klett Verlag, Stuttgart, 1972.
18. Jürgen Kocka, *Wozu noch Geschichte?* in Karl Fischer: *Theorie und Praxis des Geschichtsunterrichts*, Julius Klinkhardt, Bad Heilbrunn-OBB, 1974, pp. 24-35. Vgl. ook Reinhart Koselleck: *Wozu noch Historie?* (Historische Zeitschrift 212, 1971), pp. 1–18. Vgl. ook Willi Oelmüller: Wozu noch Geschichte? München, 1977.

skoliere in geskiedenis het alarmerend afgeneem. In sommige Duitse state het dit uit die skole verdwyn. Dis vervang deur "sosiaalkunde" en politieke wetenskap. In die hoogste klasse is geskiedenis teruggedruk tot 1789. Dit het gelyk of die verlede opgegee moet word ten gunste van die hede, vandaar die vlug in die sosiologie.

Die verwetenskapliking van die samelewing en die lewe self neig na terugdringing van die herinnering en die tradisie. Die historiese gilde is op die defensief gestel. In 1971 is alarm geslaan en teen die onsekerheid en vertwyfeling oor geskiedenis gewaarsku dat geskiedenisonderwysers op die duur oorbodig kan raak. Oral in die Weste is daar gekla oor die agteruitgang van die historiese besef en van die geskiedenis op skool. Die hoofrede is gesoek in die "irrelevansie" van die geskiedenis. Vandaar pogings om dit deur hede-betrokkenheid meer relevant te maak: dit moet die lewe dien deur "funksioneel" te word.

Die funksie van die geskiedwetenskap word deur vele historici gesien as beligting van die eietydse probleme, politieke vorming, kritiek op tradisie, die oophou van moontlikhede, opvoeding tot konkrete denke en vryetydsbesteding [19]. Die taak en doel van die geskiedenisonderrig op skool word gegee as die rykdom aan beelde en aanskouinge, die verskaffing van geordende en gegronde kennis, sedelike vorming, karaktervorming, die lewendighou van oorlewering, bevryding van die ballas van die verlede, die breek van nuwe bane, politieke vorming en selfkennis van die mens [20].

**Relevansie in die Suid-Afrikaanse geskiedskrywing**

Teen bogemelde agtergrond moet ons ondersoek doen na relevansie in ons eie historiese bedryf. Soos in Duitsland het daar by die beoefening van die wetenskaplike geskiedenis — in Afrikaans altans — ook 'n groot mate van verstarring ingetree sowel wat die tematiek as metode betref. Ons geskiedskrywing het ontstaan in die tyd van die opkoms van die Unie met sy politieke stryd tussen Afrikaner en Engelsman, 'n voortsetting van die ou 19e eeuse "stryd tussen Boer en Brit". Sentraal daarin was politiek, staat, betrekkinge tussen die Boererepublieke, die Britse regering en kolonies en Swart volke, en verder politieke persoonlikhede en staatsinstellings. Die fokuspunt was die 19e eeu. Maar eers betreklik onlangs het die politieke geskiedenis van die 20ste eeu in die vorm van "eietydse" geskiedenis op die voorgrond getree. Die metode wat ons toegepas het om tot kennis van die waarheid te kom, was Ranke se indiwidualiserende verstaansmetode.

Intussen het die omstandighede waaronder ons wetenskaplike geskiedskrywing ontstaan het, verval: die stryd tussen Boer en Brit, Afrikaner en Engelsman in 'n koloniale, plattelandse wêreld, het verdwyn. Die Britse imperialisme wat so 'n vername rol in ons nasionalisme en vryheidstrewe gespeel het, bestaan nie meer nie, ook nie die stryd tussen Nat en Sap nie, die VP het trouens in 1977 ontbind. Nuwe kragte het aan ons grense verskyn nl. dié van dekolonisasie, van Afrika en van Rusland. Ons hele internasionale opset soos dit in die verlede was, het verdwyn. Ons buitelandse politiek word deur binnelandse vraagstukke bepaal. Intern het die samelewing verander. Die Afrikaners is nie meer 'n plattelandse volk nie, deur snelle industrialisasie het hulle verstedelik soos ook die Swartmense en ander Nie-Blankes.

Ons bevind ons tans in 'n stedelik-industriële samelewing wat die klem van die politiek na sosiaal-ekonomiese vraagstukke verskuif het. Trouens ons politieke hande-

---

19. Karl Fischer, *Theorie und Praxis des Geschichtsunterrichts*, pp. 28—35.
20. Hans Glöckel, *Geschichtsunterricht*, Julius Klinkhardt, Bad Heilbrunn-OBB, 1973, pp. 11—56.

ling word grootliks deur die samelewingsvraagstuk bepaal. Die ekonomiese bedryf het die stedelike sosiale vraagstuk, om maar aan Soweto te dink, voortgebring. Swart nasionalisme binne Suid-Afrika skakel met Swart nasionalisme daarbuite. Ons land is deur die Derde Wêreld omsingel en buitelandse druk word ondervind soos laas in Paul Kruger se tyd. Die probleem van die stedelike Swartmense in Blanke gebied het tot die kern van ons vraagstukke binne- sowel as buitelands geword. Al ideaal wat politici vir ons voorhou is "oorlewing".

En tog bly ons wetenskaplike geskiedbeoefening vassteek in die tradisie van die 19e eeuse temas en metodologie. Die historiese ervaring het vandag die alleen-beslissende betekenis van die enkelpersoonlikheid bevraagteken en die klem val op bowe-indiwiduele voorwaardes vir politieke handeling. "Heerskappy" word nie meer alleen as aan die staat behorende beskou nie, aangesien die probleme van ekonomiese mag en die heerskappyverhoudinge in die industriebedryf die begrip van heerskappy verbreed het. Orals dring sosiale en ekonomiese kragte hulle as kollektiewe kragte op. Daar bestaan 'n wisselwerking tussen die ekonomie, die samelewing en die politiek wat ons posisie nasionaal en internasionaal bepaal.

En tog het ons historiese vraagstelling nog nie hierdie temas, veral die sosiaal-ekonomiese van ons industriële samelewing,ontdek nie. Hierdie temas vereis 'n verruiming van die historiese metode nl. om van die indiwidualiserende na 'n meer analitiese te beweeg. Die vraag is of ons tematiek nog "relevant" is. Relevant sal dié temas wees wat ons bestaan in ons nuwe industrieel-stedelike samelewing sal verklaar, veral die sosiale.

Hierby kom dieselfde neiging as wat hom in die Westerse geskiedskrywing geopenbaar het, nl. dat die wetenskaplike bedryf 'n gesprek onder historici word, dat die historikus hom in 'n ivoortoring terugtrek en dat sy wetenskap die verband met die lewe en sy tyd verloor. Sedert 1961 het ons historiese bewussyn 'n teruggang getoon. Na die vervulling van die Republikeinse ideaal lyk dit of geskiedenis nie meer sterk in aanvraag is nie. Dit is geëmansipeer van die politiek. By die agteruitgang van Afrikaner-nasionalisme het die belangstelling in geskiedenis tredhoudend daarmee gekwyn. Miskien lê 'n rede in die relativering van die volksbegrip — dit het gegraviteer na 'n onderdeel van die geheel van die bevolking. Ons samelewing het verander en daarmee ook ons kyk op die verlede. Nuwe vrae kom na vore maar die professionele historici laat hulle onbeantwoord. Geen wonder dat die vraag na relevansie ook by ons sy intrede gedoen het nie.

**Relevansie in ons geskiedenisonderrig.**

Bestaan daar by ons soos in die Weste ook teruggang in die onderrig van geskiedenis? 'n Mens kan positief antwoord. Dit het reeds in die vyftiger jare begin. As reaksie daarop is die Historiese Genootskap in die lewe geroep om geskiedenis te bevorder, nie omdat dit so gefloreer het nie, maar juis omdat daar tekens van agteruitgang was. Hy kon nie daarin slaag om dit tot verpligte skoolvak tot matriek te maak nie. Ons stedelik-industriële samelewing wat anti-histories gerig is, het nuwe vakke op skool vereis wat kompetisie vir geskiedenis as kulturele vak verskaf. In die nuwe bedeling van sekondêre skoolvakkeuse is geskiedenis in die "wetenskaplike" rigting tot 'n groot mate uitgeskakel. By ons is dit 'n keusevak anders as in Rusland waar dit verpligtend is. Vergelyk ons tabelle van matriekkandidate wat geskiedenis in die vyftiger jare geneem het met tabelle vandag, vind ons dat relatief minder kandidate vandag geskiedenis neem. In 1975 het 39,3 persent matrikulante geskiedenis in Transvaal geneem

teenoor 35,4 persent in 1976. In 1977 was daar 'n daling na 34,72 persent, die laagste wat dit nog was, want in 1953 was dit 64 persent teenoor 52 persent in 1964 en 42 persent in 1968. Die huidige leergange is veel meer "relevant" as die leergange van voor 1972 waarin ons politieke geskiedenis by 1910 geëindig het. Tans is ook 'n keuse-afdeling vir sosiaal-ekonomiese geskiedenis in die Matriekleergang ingevoeg, maar ongelukkig word dié mees relevante afdeling die weinigste beoefen. Miskien vanweë vrees vir statistiek. En tog verklaar dit juis ons verstedeliking en die wording van ons sosiale vraagstukkie. In die St. VII-leergang word klem op die 20ste eeuse politieke wording gelê en te weinig op die verstedelikings- en sosiale vraagstuk. Die leerling wil weet hoe hy in die stad gekom het, wat 'n stad is, hoe die stede gegroei het en waarom Swartmense hulle daar bevind, wat húlle probleme is asook watter probleme dit vir die toekoms van Suid-Afrika inhou.

Soos in die Weste is ook ons doelstellinge met die geskiedenisonderrig "relevant". Die Gemeenskaplike Matrikulasieraad stel o.a. as doel, kennis van die leerling se Westerse erfenis, sy vaderland en landsbestuur, insig in die huidige toestande en vraagstukke soos hulle uit die verlede ontstaan het, ons lewenspatrone en die saamleef met ander volksgroepe. Die Transvaalse Onderwysdepartement stel as sin en doel die begrip van politieke, maatskaplike en ekonomiese gebeure wat ons uitsig op onsself en die moderne wêreld sal verruim, kennis van hedendaagse vraagstukke en die begrip van openbare aangeleenthede, om maar enkele te noem.

Hoe ons ookal die geskiedenis bekyk, ons bestudeer en doseer dit om twee redes. Eerstens ter wille van homself en tweedens ter wille van die samelewing waarin ons ons bevind. Dit gaan om wetenskaplike vorming naas eksistensiële vorming. Wat die eerste betref gaan dit vir ons om intellektuele ervaring en 'n aanmoediging tot verbeelding, begrip en objektiwiteit. Dit skerp ons kritiese en ontledende vermoë, oefen ons skeppende aanleg, beredeneringsvermoë en ons maak van gevolgtrekkings. Ons doel is nie om "klein geskiedskrywertjies" te kweek nie; ook nie net om 'n beroep te gaan beoefen nie. Geskiedenisonderrig bevat groot opvoedkundige waarde [21]. Dis hier waar die eksistensiële aspek te pas kom, die "relevansie" waarvan ons praat. Die moderne natuurwetenskap leer dat kennis nutteloos is as dit nie in die tegniek toegepas word nie. Die eksistensiële vorming of hede-betrektheid vereis dat die leerling of student nie net kennis moet opdoen ter wille van die kennis self nie, maar dat dit toegepas en benut moet word. Dit is waar bestaansverheldering, selfbegrip en begrip van ander inpas. Dit dien as agtergrondbeligting wat die mens help om hom in sy wêreld te oriënteer. Sou die geskiedenis bloot ter wille van homself beoefen word en geen relevansie vir die lewe hê nie, gaan sy sin, doel en waarde verlore en sal die vak kwyn — die probleem waarmee vandag in Europa geworstel word.

Baie hang af van hoe geskiedenis "toegepas" word en "verband" of "betrekking" kry. Dit mag nooit soos by die Marxisme, Neo-Marxisme of *New Left* vir propaganda misbruik word nie, dan ly sy nut en doel skade en word sy karakter geskend. Aan relevansie moet daar grense gestel word en dié berus op ons objektiwiteitstrewe en gevoel van persoonlike verantwoordelikheid. Absolute objektiwiteit is 'n utopie, maar ons moet die strewe daarna bly handhaaf en bewus word van ons menslike, sosiale of lewensbeskoulike beperkinge. Ons sal tevergeefs in die verlede soek vir resepte ter oplossing van ons probleme, nog minder wette vind wat ons samelewing sodanig kan

21. Vgl. David Thomson, *The Aims of History*. London, 1969, p. 11 en G.R. Elton, *The Practice of History*. London, 1976, p. 149.

beheer dat 'n veilige toekoms geskep kan word. Ons kan hoogstens op grond van reëlmatighede neigings konstateer vir moontlike ontwikkelinge en toekomsverwagtinge. Deur vergelyking en analogieë kan ons tot begrip kom van ons huidige situasie en inspirasie vir ons handeling uit die menslike gedrag van die verlede put. Baie hang af van hoe goed die onderwyser onderlê is in die problematiek, neigings en strominge van sy tyd. Sou hy diepe insig daarin toon en ken hy die verlede goed, kan hy die geskiedenis "relevant" aanbied.

Ons moet daaraan dink dat baie van die aspekte van die verlede wat slapend was vandag weer aktueel geword het. Geskiedenis in ons tyd het, soos vroeër in die tyd van die Britse imperialisme, weer eens omstrede geword. Dit raak veral die siening van ons verlede deur Swartmense wat na analogie van wat in Afrika gebeur het hierdie land van die Blankes "terugeis". Die *New Left,* Marxisme, Neo-Marxisme en Afrika-historici het die Blankes se lang gekoesterde geskiedbeeld omgekeer: hulle word nie meer gesien as die helde van die oopstelling van Afrika vir die Westerse beskawing en Christendom, en die skepping van 'n Blanke vaderland nie, maar word nou voorgestel as die indringers, die onderwerpers en veroweraars van Swartmense wat vandag die wapens opneem om die ou 19e eeuse koloniale stryd voort te sit, met die doel om hulle land deur "bevryding" terug te kry. Is ons geskiedenisaanbieding relevant genoeg om antwoorde te verskaf op die huidige aanslag op ons verledebeeld?

In die verlede lê ons hede maar die verlede is ook teenwoordig in ons hede. Vir alles wat vandag geskied is gister verantwoordelik. In die eksistensiële benadering van die verlede kan hede en verlede nie geskei word nie. Die sin, doel en betekenis van die verlede vir die hede — sy relevansie — is 'n eis van ons tyd en daaraan sal in ons onderrigtaak voldoen moet word, wil ons geskiedenis as vak nie deur irrelevansie laat kwyn nie. Die traagheid van die hart begin met die vergeetagtigheid van die verstand.